# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

JUNIE 2014

EKSAMEN

GRAAD 10

PUNTE : 70

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit *11* bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: GEDIGTE | (35) |
| AFDELING B: KORTVERHALE | (35) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : GEDIGTE**

Lees elke keer deur die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vraag 1 : Ma** (Antjie Krog)

Ma

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig
sonder fênsie leestekens
sonder woorde wat rym
sonder bywoorde
net sommer
'n kaalvoet gedig –

want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand
vir jou Here God.
jou moesie-oor is my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my breekwater teen die lewe

ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.

Uit: *Dogter van Jefta*

**Vrae:**

1.1 Waarom sê die spreker sy gebruik geen "fênsie leestekens", "woorde wat rym" of "bywoorde" nie? 1

1.2 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 2 aan. 1

1.3 Watter "groeisel" het die ma by haar gesig? Haal een woord aan as antwoord. 1

1.4 Wat doen die ma as sy haar kind elke aand "offer"? 1

1.5 Hoe weet ons die kind raak emosioneel as jy haar aanspreekvorm aan die begin van die gedig met dié aan die einde vergelyk? 1

1.6 Pas die woorde in kolom B by die beskrywing in kolom A. Skryf net die nommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.6.1 Sout en peper | A. Ma luister na haar. |
| 1.6.2 'n Kwaai kyk | B. Ma bal haar vuiste. |
| 1.6.3 Goeie kommunikasie | C. Ma se kleur hare. |
| | D. Ma se oë word donker. |

3

1.7 Waaroor is die kind aan die einde "jammer"? Verduidelik in jou eie woorde.

1

[9]

**Vraag 2 : Eksieperfeksie** (Alta Marincowitz)

Eksieperfeksie

Ons is 'n eksieperfeksie gesin
Ek lyk op 'n haar na Ma
en Boetie trek op Pa.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin
Eet lae-GI-hawermout,
groente, vrugte, witvleis en min sout.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin.
Staan soggens op vir gym:
swem, Pilates, gewigte, spin.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin.
Pa en Ma het goeie werk,
kinders presteer en Sondae is dit kerk.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin.
Ons hou van kuns en maak musiek,
word omring deur 'n goeie vriendekliek.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin.
Net ek word 'n bietjie vet.
Ek gaan gereeld na die toilet,
Druk 'n vinger in my keel en spoel
En was en was my hande.

Eksieperfeksie.

<u>VRAE:</u>

2.1 Kies die mees gepaste antwoord en skryf dit dan neer.

2.1.1 "Ek lyk op 'n haar na Ma" beteken

- haar hare is dieselfde as haar ma s'n.
- haar ma is baie lief vir haar.
- sy lyk presies soos haar ma. 1

2.1.2 Hierdie gesin eet

- baie gesond.
- baie ongesond.
- baie kitskos. 1

2.2 **Hierdie gesin is baie onfiks en lui om te oefen.**

2.2.1 Is bogenoemde stelling WAAR/ONWAAR? 1

2.2.2 Gee 'n rede vir jou antwoord deur uit die gedig aan te haal. 1

2.3 Haal een versreël aan wat vir ons sê dat hierdie gesin van die fynere dinge in die lewe hou. 1

2.4 Haal een versreël aan wat vir ons aandui hoe die meisie oor haar liggaamsbou voel. 1

2.5 Aan watter siekte ly hierdie meisie? Gee die naam van die siekte. 1

2.6 Hoe dink jy sal die meisie se ouers voel as hulle van haar siekte uitvind? 1

[8]

**<u>Vraag 3 : Ek het 'n huisie by die see</u>** (H.A. Fagan)

## Ek het 'n huisie by die see

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
   Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
   teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
   soos van verlore siele in hul nood
   al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
   Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
   ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hierbinne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

Uit: *Soos die windjie wat suis en ander gedigte*

<u>VRAE:</u>

3.1 Watter tipe gedig is "Ek het 'n huisie by die see"? 1

3.2 Gee twee bewyse vir jou antwoord in 3.1. 2

3.3 Wat is die funksie van die herhaling van "aaneen"? 1

3.4 Pas die vorm van beeldspraak in kolom A by die voorbeeld in kolom B. Skryf net die nommer en letter neer as antwoord.

| | |
|---|---|
| 3.4.1 Personifikasie | A.'n kreun, 'n klag soos van verlore siele in hul nood. |
| 3.4.2 Vergelyking | B. "oseaan", "staan" |
| 3.4.3 Alliterasie | C. "Ek hoor die winde huil" |
| 3.4.4 Rymende koeplet | D. "<u>h</u>oor <u>h</u>oe" |

4÷2=2

3.5 **Die spreker staan en kyk na die storm.**

3.5.1 Is die bostaande stelling WAAR/ONWAAR? 1

3.5.2 Bewys jou antwoord deur twee opeenvolgende woorde uit die gedig aan te haal. 1

3.6 Kies die mees gepaste antwoord en skryf dit dan neer:

**Die figuurlike betekenis van "rots" in die gedig is (jou geloof in jouself/ jou geloof in God).** 1

[9]

<u>**Vraag 4 : Jou ma se skuld**</u> (Bron: skrywers van die handboek)

Jou ma se skuld

Is jy dalk Mohammed of Jesus gedoop?
Dan sal jy vir ewig altyd tweede loop.
Daar's iemand veel bekender as jy
wat met daardie naam onthou sal bly.

Het jy dalk James, John, Matthew, Mark,
Johanna of Katrina as naam gekry?
Weet dan maar hulle het gekruisig
of verbrand vir jou sieleheil gely.
Sameflansings is nou hoogmode –
party daarvan te snaaks vir woorde
Ma-han-dia, Stefanrina of Joe-Wayne?
Dis nie 'n naam nie! Dis 'n pyn!

Ons slawe-herkoms is te sien
in maande wat as vanne dien –
van Jannewarie tot doer by Nouwember
"Dis lat ôs hulle ammal kan remmember!"

'n Naam dra jy jou lewe lank –
vir wie kan jy dus maar bedank
as jy opgeskeep sit met 'n etiket
wat ander net gebruik as pret?
Daar's net een vir wie jy kan verkla:
Dié een is niemand anders as ...
Jou Ma!

<u>VRAE</u>:

4.1 Met watter twee name sal jy altyd tweede viool speel? 1

4.2 Wat het die mense wat in versreël 5 en 6 genoem word, in gemeen? 2

4.3 Watter tipe rymskema word in die gedig gebruik? Gee die naam daarvan. 1

4.4 Haal een woord uit die gedig aan wat beteken dat name bymekaargegooi is. 1

4.5 **Die spreker sien homself as 'n afstammeling van die slawe.**

4.5.1 Is bogenoemde stelling WAAR/ONWAAR? 1

4.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord deur een woord uit die gedig aan te haal. 1

4.6 Watter tipe beeldspraak is "lewe lank"? 1

4.7 Wat is "jou ma se skuld", volgens die gedig? 1

[9]

**TOTAAL VIR AFDELING A : 35 PUNTE**

## AFDELING B : KORTVERHALE

Lees elke keer die aanhaling uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat daarop gebaseer is.

**Vraag 5 : Groete uit Alaska** (Nelia Engelbrecht)

| |
|---|
| ***"Vandag, op haar agtiende verjaardag, het sy die laaste paar duisend rand uit haar pa se bankrekening na haar eie oorgeplaas. 'n Mens kan maar sê dis 'n verjaardagpresent van haar ouers aan haar."*** |

5.1 Wat het Lomé nodig gehad om geld uit haar pa se bankrekening te trek? 1

5.2 Hoekom het haar ouers nie omgegee dat sy hulle handtekeninge op skool al namaak nie? 1

5.3 Gee twee redes waarom Lomé se ouma vir haar so 'n groot trust agtergelaat het, toe sy gesterf het. 2

| |
|---|
| ***"Dit was regtig nie mooi van haar pa en ma om haar trustgeld so van haar af weg te hou nie."*** |

5.4 Hoe het Lomé haar ouers gestraf omdat hulle nie haar trustgeld aan haar wou gee nie? 1

5.5 Waar sê Lomé, is haar ouers? Gee die plek se naam. 1

5.6 Hoekom is die plek in vraag 5.5 so gepas? 1

5.7 Waar is haar ouers regtig? 1

5.8 Watter tipe gif het sy gebruik om hulle te vermoor? 1

[9]

**Vraag 6 : Die plaaskind** (Riana Scheepers)

| |
|---|
| ***"Ja, sien hy deur sy Ray Ban-sonbrille, dit is die afdraai na Voorspoed. Pronkplaas van die omgewing. Vyf geslagte lank in Conradie-besit. Ou geld. Die outoppie beter vandag nog sy handtekening op die kontrak sit."*** |

6.1 Watter werk doen die spreker in hierdie verhaal? 1

6.2 Wat wil hy aan die plaasboer verkoop? 1

6.3 Haal 'n sin uit die aanhaling aan wat bewys dat hierdie plaas die mooiste in daardie area is. 1

6.4 Haal een woord uit die aanhaling aan wat vir ons sê dat die spreker geen respek vir ouer mense het nie. 1

> ***"Hy voel hoe die twee blikkies Coke wat hy op pad hierheen uitgedrink het, op sy blaas begin druk. Hy kan wag tot hy by die huis kom om toilet toe te gaan..."***

6.5 Hoekom wou die spreker nie by die huis toilet toe gaan nie? 1

6.6 **Die spreker het agter 'n boom gaan staan en het homself daar verlig.**

6.6.1 Is bogenoemde stelling WAAR/ONWAAR? 1

6.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

> ***"Ekskuus, Pappa, dat ek nou pla, maar ek moet gou iets met Pa bespreek voordat Pa die dokumente teken..."***

6.7 **Die persoon wat in hierdie uittreksel praat, is 'n (seun/meisie).** Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer. 1

6.8 Wat dink jy sou die boer met die spreker gedoen het nadat die kind met die pa gepraat het? 1
[9]

**<u>Vraag 7 : Mangosonde</u>** (Anzil Kulsen)

> ***"Wie gaan jou glo? Jou ma sal my nog bedank hiervoor!"***
> ***Tussen die mangoblare deur sien hulle hoe meneer Gous 'n meisie aan haar arm by sy kar uitruk."***

7.1 Wie is die meisie wat in die aanhaling genoem word? Gee haar naam en van. 1

7.2 Wie sit in die mangoboom en hoor alles? Gee hulle name. 2

7.3 Gee een rede waarom hierdie seuns mango's steel. 1

> ***"Gaan kry vir my water, asseblief!" Sy praat sommerso na almal toe en druk haar hand op haar bors. Sy is asvaal, maar niemand gaan vir die water nie. Almal wag om te hoor wat aangaan.***

7.4 Watter slegte nuus het die juffrou aan die kinders oorgedra? 1

7.5 Wat is die kenmerkende eienskap van die persoon van wie die juffrou praat? 1

7.6 Watter afleiding het ons mangodiewe gemaak, oor die meisie en meneer Gous? 1

7.7 Wat was die verhouding (relationship) tussen meneer Gous en die meisie? 1
[8]

**<u>Vraag 8 : Aspoestertjie en die drie bere</u>** (Nelia Engelbrecht)

| |
|---|
| ***Dis die Desembervakansie en ons staan op die balkon voor Triz se kamer en kyk af na hulle nuwe bure.*** <br> ***"Flip, maar jy's gelukkig. Ons bure is almal oumense," sê Vanessa en sug.*** |

8.1 Wat is die naam van die sekuriteitskompleks waar Triz en Vanessa woon? 1

8.2 Wie is Triz se nuwe bure? 1

8.3 **"Ek is seker ek het my bikini daar vergeet."**

8.3.1 Wie sê hierdie woorde? Gee haar naam. 1

8.3.2 Met wie word hierdie persoon in die storie vergelyk toe sy haar bikini gaan soek het? 1

8.4 Wat weet ons van: **a.** Vanessa en
**b.** Triz? 2

| |
|---|
| ***"Daardie Vrydagaand stotter Karlientjie, my ma se kar wat saam met Noag uit die ark gekom het, toe ons voor die restaurant stilhou."*** |

8.5 Hoekom is ons spreker en haar ma by die restaurant? 1

8.6 Wie was baie onbeskof en lelik met ons spreker? Gee haar naam. 1

8.7 Wat het gebeur dat ons spreker aan die einde van die storie soos 'n prinses gevoel het? 1
[9]

**TOTAAL VIR AFDELING B : 35 PUNTE**

**SOMTOTAAL : 70 PUNTE**